



Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond

(Pos- en Telekommunikasiewese) Ingelyfde Vereniging sonder Winsoogmerk
Fondsinsamelingsnommer: 02 200219 00 6 Reg. no. 58/00013/08

✉ 2047 Pretoria 0001
☎ (012) 21-6968/9/80 Faks (012) 28-4264
Suidvleuel 104 . Hoofposkantoorgebou
Kerkplein . Pretoria 0002
Rig korrespondensie aan: Die Uitvoerende Direkteur

VERW.: 9 (KODESA 038)
DATUM: 3 Maart 1992

Die Sekretaris
KODESA
Posbus 307
ISANDO
1600

Meneer,

VOORLEGGING

Ingeslote is 'n stel riglyne vir 'n nuwe staatkundige bestel soos deur die Afrikaanse kultuurgemeenskap opgestel.

Dit moet asseblief in beide landstale aan die betrokke komitee voorgelê word.

Met agting

WILLEM LOUW
UITVOERENDE DIREKTEUR

President: Mnr. W.M. van Rooyen

Direkteure: Mnr. J.F. Venter (Hoofvoorsitter), mnr. A.J. le Roux (Ondervoorsitter), mnr. B.A. Bets (Hooftesourier), mnr. W.P. Burger, mev. M.C. Coetzee, mnr. I.C. Coleskè, mnr. L.D. Fourie, mnr. E.P. Gomm, mnr. J.P. Mans, mnr. M.J. Nel, mnr. J.G. Swart, mej. W.A. van der Linde, mnr. J.H. van der Walt en mnr. E.J. Zeelie.

Uitvoerende Direkteur: Mnr. Willem Louw



Federasie van
Afrikaanse
Kultuurvereniginge

Reg. nr. 73/00023/08
(Ingelyfde Vereniging sonder winsoogmerk)

Posbus 91050 Aucklandpark 2006 Tel. (011) 726-7134

Die Eike H/v Cedarlaan en Stanleyweg Aucklandpark
Faks: (011) 726-2073 JOHANNESBURG

Rig korrespondensie aan: Die Hoofdirekteur

U Verw.:

Ons Verw.:

Verwys Na: HC/ne

10 Maart 1992

Die Sekretariaat
KODESA

Geagte Heer

VOORSTELLE VAN FAK VIR KODESA


Ontvang asseblief hiermee die volgende 4 dokumente met die oog op
behandeling in die betrokke komitees van Kodesa:

- 1) Algemene voorstelle m.b.t. h nuwe staatkundige bestel.
- 2) h Voorgestelde taalbeleid vir die RSA.
- 3) Die FAK se standpunt m.b.t. die onderwys in h toekomstige staatsbestel.
- 4) Kultuurwaardes vir Suid-Afrika - riglyne vir h nuwe staatkundige bestel (Afrikaans en Engels).

2/...

Met opregte dank vir u aandag

Hoogagtend

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Henno Cronjé', with a horizontal line underneath the name.

DS. HENNO CRONJÉ

HOOF-UITVOERENDE BEAMPTE

BEGINSELS VIR 'N NUWE STAATKUNDIGE STELSEL: DIE
FAK (FEDERASIE VAN AFRIKAANSE
KULTUURVERENIGINGE) SE STANDPUNT

TEN EINDE HIERDIE DOKUMENT NIE BUITENSPORIG LANK TE MAAK NIE, IS DAAR BESLUIT OM DIT TE LAAT AANSLUIT BY TWEE VAN DIE BELANGRIKSTE INSETTE WAT REEDS BY KODESA TER TAFEL GEPLAAS IS, NAAMLIK DIE SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE SE INTERIMVERSLAG OOR GROEPS- EN MENSEREGTE VAN 1991 EN DIE NASIONALE PARTY SE GRONDWETLIKE VOORSTELLE VAN DIESELFDE JAAR. DIE REDE VIR HIERDIE WERKWIJSE IS DAT HIERDIE TWEE INSETTE DIE NAASTE AAN DIE FAK SE EIE STANDPUNT IS.

SOOS VERDER HIERONDER DUIDELIK SAL BLYK, BETEKEN DIT HOEGENAAMD NIE DAT DIE FAK HOM VOLKOME MET DAARDIE TWEE INSETTE IDENTIFISEER NIE. DIT BETEKEN OOK NIE DAT DIE FAK NIE KENNIS GENEEM HET VAN ANDER PARTYE SE STANDPUNTE NIE: SO BV VIND DIE FAK HEELWAT POSITIEWE UITGANGSPUNTE IN DIE DEMOKRATIESE PARTY EN DIE INKATHA-VRYHEIDSPARTY SE HOUDINGS TEN OPSIGTE VAN DIE DESENTRALISASIE VAN MAG, EN WIL HY DIE ANC SE AANVAARDING VAN DIE NOODSAAKLIKHEID OM DIE VOLKEREVERSKIEDENHEID IN ONS LAND TE ERKEN, VERWELKOM.

DIE "VERKLARING VAN VOORNEME" VAN KODESA (JANUARIE 1992) IS IN SULKE BREë TERME GESTEL DAT 'N DIEPGAANDE EVALUERING DAARVAN NIE SINVOL LYK NIE, HOEWEL DIT BEKLEMT OON MOET WORD DAT DIE INHOUD DAARVAN WEL RUIMTE LAAT VIR 'N STELSEL WAT AAN DIE FAK SE UITGANGSPUNTE SOU VOLDOEN.

DIT MOET OOK BENADRUK WORD DAT HIERDIE DOKUMENT SLEGS BREë RIGLYNE BEVAT EN NIE POOG OM AL DIE BESONDERHEDE VAN 'N STELSEL UIT TE WERK NIE.

1. INLEIDING:

Die essensie van die FAK se staatkundige standpunte kan onder die volgende vyf hoofde saamgevat word:

Geregtigheid, in dié sin dat 'n nuwe staatkundige orde op die reg gebaseer moet wees en vir juridiese strukture voorsiening moet maak wat die bestaan van 'n regstaat sal verseker, d.w.s. 'n staat waarin die reg, soos toegepas deur onafhanklike howe, die hoogste norm is en nie die willekeur van die regeerders nie. In 'n breër sin moet 'n nuwe staatkundige stelsel in ooreenstemming met die eise van Christelike geregtigheid wees.

Staatkundige eenheid, in dié sin dat 'n nuwe staatkundige bedeling sal aanvaar dat Suid-Afrika se staatkundige strukture voorsiening moet maak vir meddeseggenskap op alle vlakke deur alle Suid-Afrikaners, sonder om egter die noodsaaklikheid van die sterk desentralisasie van magte na streeks- en plaaslike vlak uit die oog te verloor;

Verskeidenheid, in dié sin dat daar in 'n nuwe stelsel voldoende rekening gehou moet word met die werklikheid van die groot volkereverskeidenheid in ons land, en dan veral met die vryheidstrewes en die kulturele, taalkundige en onderwyskundige aspirasies van die verskillende gemeenskappe;

Demokrasie, in die normale sin van regering wat die hele bevolking verteenwoordig en aan die kiesers verantwoording verskuldig is, met insluiting van noodsaaklike kruiskontroles ten einde magsmisbruik te voorkom;

'n Vryemarkstelsel as die uitgangspunt vir die ekonomiese stelsel van 'n "nuwe Suid-Afrika".

Verdere byna vanselfsprekende vereistes vir die FAK is dié van die verstaanbaarheid, praktiese uitvoerbaarheid,

aanvaarbaarheid en bekostigbaarheid, inaggenome die ingewikkelde Suid-Afrikaanse omstandighede. In hierdie stadium is dit egter moeilik om oor hierdie aspekte meer konkrete kommentaar te lewer, aangesien 'n beoordeling hiervan gaan afhang van die totale voorstelle wat uiteindelik aanvaar mag word.

2. GEREGTIGHEID:

Die FAK vereenselwig hom met die idee van 'n regstaat, waarin die klassieke fundamentele regte (insluitende die prosedure regte) op 'n nie-diskriminerende wyse omvangryk beskerm word en geskikte strukture om dié doel te bereik geskep word. Met "geskikte strukture" word hier onafhanklike howe en verwante instellings soos 'n ombudsman bedoel.

'n Geskrewe grondwet wat verskans is teen willekeurige wysiging, moet die samestelling en bevoegdhede van owerheidsinstellings, die verspreiding en verdeling van gesag onder die verskillende owerheidsinstellings en die verhouding tussen individue en die owerheid uiteensit.

In die breë kan die FAK hom dus met die gedagtes in die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag oor Groeps- en Menseregte (hierna MRV vir Menseregteverslag genoem) vereenselwig, maar in drie opsigte kan daar bedenkinge uitgespreek word:

2.1 Nuwe konstitusionele afdeling: In die MRV word voorgestel dat die toepassing van die akte van fundamentele regte nie aan die bestaande Apèlafdeling van die Hooggeregshof toevertrou moet word nie, maar dat daar 'n nuwe Konstitusionele Afdeling geskep moet

word. Aangesien so 'n stap dit, afhangende van die aanstellingsprosedure vir regters, baie maklik sou maak om die Konstitusionele Afdeling te "laai", sou dit bedenklik kon wees en sou gevra kon word waarom hierdie funksie nie aan die bestaande Appèlafdeling toevertrou kan word nie (soos in Zimbabwe gebeur het). So 'n stap sou ook kon help om die vertroue van die ontwikkelde gemeenskappe te behou. Aan die ander kant is daar ook goeie argumente vir 'n gespesialiseerde hof. Hierdie hele kwessie verdien indringende verder besinning.

- 2.2 Aanstelling van regters: Tot dusver is daar min aandag aan hierdie uiters belangrike kwessie gegee. Vanweë die sleutelrol wat regters (en ander regsprekende amptenare) in 'n nuwe regstaat sal speel, moet hierdie prosedure grondwetlik verskans en so ver moontlik gedepolitiseer word. Groter duidelikheid oor alle partye se denke hieroor is dringend noodsaaklik.
- 2.3 "Regstellende aksie": Die MRV se denke oor hierdie omstrede onderwerp is onduidelik. Op eerste oogopslag lyk dit na 'n verwerping van omgekeerde diskriminasie, maar met die moontlikheid van gekonsentreerde opvoedkundige opheffingsprogramme. Die bewoording van die betrokke bepaling (kl. 3(b) kan hom egter tot 'n breër uitleg leen (veral die woord "indiensneming") en sal beslis hersien moet word. Dit sou na die mening van die FAK in elk geval verkieslik wees om hierdie hele aangeleentheid nie in die akte van fundamentele regte aan te spreek nie, maar dit eerder deel te maak van 'n stel van staatsdoelwitte gemik op die ondersteuning van die ontwikkeling van alle segmente van ons samelewing.

3. STAATKUNDIGE EENHEID:

Die FAK aanvaar 'n stelsel gebaseer op die staatkundige eenheid van Suid-Afrika. Die ou stelsel van sg. "afsonderlike vryhede" as staatkundige uitgangspunt kan nie meer onder die huidige omstandighede 'n doelwit wees nie. Terselfdertyd is die FAK sterk verbind tot desentralisasie van mag, 'n onderwerp wat hieronder in par. 4.2 aangespreek word.

Afskeiding van streek: Die FAK wil egter daarvoor pleit dat die moontlikheid van die afskeiding van 'n streek deur onderlinge ooreenkoms oopgehou moet word, in dié sin dat dit, saam met die vraag van die herinlywing van al of sommige van die TBVC-state, op die agenda van die huidige onderhandelingsproses moet bly.

Die state wat van die Republiek afgestig het en nie herinlywing vra nie, sowel as ander onafhanklike Suid-Afrikaanse state, kan saam met die Republiek deel vorm van 'n Suider-Afrikaanse multilaterale konfederasie organisasie wat saam oor gemeenskaplike belange besin.

As deel van hierdie staatkundige eenheid moet kruissnyende lojaliteite en simbole ontwikkel en gebruik word om 'n nasionale eenheidsgevoel te ontwikkel, sonder om afbreuk te doen aan die reg van bepaalde gemeenskappe om aanvullend eie simbole te gebruik.

4. VERSKEIDENHEID:

Die mees problematiese aspek in die gesprek oor Suid-Afrika

se staatkundige toekoms is sekerlik hoe die verskeidenheid in ons samelewing bevredigend geakkommodeer kan word. Oor die vraag OF dit geakkommodeer moet word, kan daar, na KODESA se verklaring van voorneme, nie meer twyfel wees nie.

Die FAK wil dit verder baie duidelik stel dat die behoud van die huidige amptelike posisie van die twee amptelike tale vir hom ononderhandelbaar is. As daar iets is wat ook redelike Afrikaners totaal van 'n nuwe staatkundige stelsel sal vervreem, met al die onmeetbare gevolge daarvan, sal dit 'n aantasting van die swaar verworwe huidige status van Afrikaans as volledig gelykberegtigde amptelike taal wees. Bedekte pogings om Afrikaans se posisie te ondergrawe deur geen amptelike tale aan te wys nie en dan die regering te magtig om kwansuis "gebruikstale" aan te wys, is nie aanvaarbaar nie, want die gevolge daarvan is duidelik voorsienbaar. Terselfdertyd gun die FAK vir ander taalgroepe ook die taaluitlewering wat hy vir die Afrikaanssprekendes opeis. Daarom wil hy die gedagte van verpligte drietaligheid, nl. Afrikaans en Engels op nasionale vlak en 'n Afrika-taal op 'n streeksbasis, sterk ondersteun.

Samevattend kan nou reeds gesê word dat die MRV in verband met die akkommodasie van ons land se volkereverskeidenheid in verskeie opsigte na die mening van die FAK ernstige leemtes toon, terwyl die Nasionale Party se konstitusionele riglyne meer bevredigend lyk, hoewel ook dit i.v.m. bepaalde sleutelvrae is. Ter wille van 'n beter begrip word afsonderlik op die twee dokumente ingegaan, met die MRV eerste aan die beurt.

4.1 MRV: Hoewel die MRV die realiteit van ons

verskeidenheid erken en beweer dat hy dit probeer aanspreek, word dit nie werklik gedoen nie. Die MRV se hele uitgangspunt is die beskerming van die regte van die individu, wat in die finale weergawe ook uitgebrei is om selfs sommige van die regte van die sg. tweede en derde generasie te dek. Die MRV gaan voort met die Regskommissie se reeds bekende uitdruklike verwerping van die konsep van groepsregte en het selfs bewoordinge van die eerste verslag herskryf om die klem deurgaans op individuele regte te plaas. (Waar die eerste konsep bv. nog die gesin as sulks beskerm het, word die individu se reg op die beskerming van sy gesin nou beskerm). Die gevolg is dat die MRV in sy hele styl totaal individualisties van aard is en nie waardes as uitgangspunt neem nie. Die MRV poog om hierdie verwyte te voorkom deur 'n voorstel dat die gelyste menseregte as riglyne ook vir optrede deur die wetgewer en die uitvoerende gesag moet dien (kl. 38), en deur wye locus standi in kl. 35 (d) voor te stel. Hierdie benadering toon egter nog heelwat gebreke. Die debat rondom sg. groepsregte is in werklikheid 'n skyndebat ('n "red herring"). Dit word aanvaar dat die erkenning van groepsregte as sulks inderdaad uit 'n regshoek problematies mag wees, maar dit is nog geen rede waarom 'n akte van fundamentele regte nie ook sekere waardes kan lys as waardes wat deur die howe erken en beskerm moet word nie. Dit word elders in die wêreld gedoen (bv. in Duitsland, waar die gesin as sulks beskerm word en dit as 'n riglyn vir die howe en die staat uitgelê word). Die MRV is buitendien inkonsekwent deurdat dit vir die beskerming van groepe soos vroue, kinders en werkgewers en -nemers voorsienig maak, maar nie vir godsdienstige, taal- en kultuurgroepe nie. Ten minste

die moontlikheid van 'n klasaksie moet ook vir laasgenoemde groepe geld.

Selfs al sou mens die MRV se benadering as uitgangpunt aanvaar, bly die beskerming van die kulturele, taal- en opvoedkundige waardes van ons onderskeie gemeenskappe na die mening van die FAK nog gebrekkig. Die belangrikste gebreke word uitgelig:

Taal, kultuur en godsdiens: Hoewel die MRV in kl. 18 'n reg van vrye uitoefening van godsdiens, taal en kultuur erken, welke reg dan ingevolge kl. 38 'n riglyn vir die staat sal wees, is daar geen sprake van die erkenning van 'n positiewe staatsplig om die kulture, tale en historiese erfenisse van die verskillende gemeenskappe op 'n gelyke basis te ondersteun en hulle onderskeie godsdienste te eerbiedig en ondersteun nie. So 'n voorskrif is onontbeerlik.

Onderwys: Hoewel die MRV 'n reg op moedertaalonderwys op alle skoolvlakke erken (kl. 21 (F), wat na die mening van die FAK egter uitdruklik behoort te bepaal dat dit geld vir staatskole en op staatskoste), word daar geswyg oor 'n soortgelyke reg op tersiêre vlak. Die hele kwessie van godsdiensonderrig in staatskole op staatskoste word ook totaal onduidelik gelaat deurdat die MRV twee oënskynlik botsende bepalings in hierdie verband bevat (kl. 21 (c) teenoor kl. 21 (e). Die onbeperkte bewoording van die

openingswoorde van kl. 21 en van kl. 21 (b) kan ook ernstige probleme met pogings om behoorlike akademiese standaarde deur bv. 'n numerus clausus te verseker, veroorsaak.

4.2 NP: Die Nasionale Party se voorstelle toon 'n groter bereidwilligheid om, veral in die staatkundige strukture wat hy voorstel, die diversiteit van ons samelewing tot almal se voordeel op 'n nie-diskriminerende wyse te probeer akkomodeer. Dit kom na vore in bv. die voorstelle vir proporsionele verteenwoordiging in die laer huis van die sentrale wetgewer, die samestelling van en gelyke magte vir die hoër huis, die koalisiedwang ten opsigte van die sentrale uitvoerende gesag, die voorstel vir 'n roterende presidentskap, die aanvaarding van die beginsel van grondwetlik verskanste streeksregering en plaaslike regering, en die gedagtes rondom sg. buurtrade.

In verband met sekere aspekte van die NP se voorstelle kan egter belangrike vrae gevra word, òf omdat die betrokke voorstelle onduidelik of onvolledig is òf omdat daar moontlik vanuit die FAK se hoek beleidsbesware kan wees. Die belangrikste van hierdie vrae is:

Desentralisasie: Die FAK is verbind tot maksimale desentralisasie na geografiese streke as 'n grondwetlike verskanste meganisme om oorheersing te voorkom en verskeidenheid te akkomodeer. Dit is geen buitengewone eis nie, en beteken bloot dat die sg. "balans van magte" by die deelstate moet berus, soos in

talle bekende buitelandse federasies die geval is. Ongelukkig is daar in die huidige gesprekke nog geen algemene verbintenis tot maksimale desentralisasie nie en word die sleutelvraag van die verdeling van magte tussen sentrum en periferie vermy (ook in die Nasionale Party se voorstelle). Dit is noodsaaklik dat daar uitgespel moet word watter mag waar sal berus en wat die finansiële bronne van welke owerheid gaan wees.

Kultuurgroepe: Die FAK aanvaar dat dit in ons omstandighede nie haalbaar is om van etniese of taalkundige groepe as staatkundige boustene vir bv. die hoër huis van die sentrale parlement gebruik te maak nie. Sulke groepe moet hulle aspirasies in beginsel eerder deur middel van die gewaarborgde verteenwoordiging van politieke partye verseker. Die vraag kan egter gevra word of die debat oor hierdie vraag tot dusver nie te ongedifferensieerd is nie en of daar nie tog vir bepaalde doeleindes (bv. die beskerming van taal- en kulturele regte) van nie-politiese groepe gebruik gemaak moet word nie (vgl. bv. die sg. KwaNatal-voorstelle t.o.v. "kultuurrade").

"Gemeenskapsoutonomie": Sonder om die probleme van die verlede t.o.v. sg. "eie sake" te wil herhaal, het die FAK 'n duidelike verbintenis tot wat "groepsoutonomie" genoem kan word, m.a.w. dat 'n gemeenskap wat dit verkies, maksimale beskikking en beheer oor sy eie instellings moet kan hê. Dit gaan veral om instellings soos skole, kolleges, ouetehuse, kulturele instellings, ens. Die Nasionale Party verwys bv. wel aan die einde van sy grondwetlike voorstelle in taamlik vae terme na gemeenskapsoutonomie, maar sonder enige

verbintenis tot wetlike strukture om dit te help bevorder. As daar dan terselfdertyd gekyk word na die MRV se voorstelle i.v.m. nie-diskriminasie ook op die nie-owerheidsterrein, is daar die vrees dat van ruim gemeenskapsoutonomie nie veel sprake gaan wees nie.

Magsdeling: Die FAK is onwrikbaar verbonde tot 'n stelsel van magsdeling, d.w.s. hy is totaal gekant teen enige stelsel waarin die wenner alles vat en homself alle mag toeëin. Die FAK dring dus aan op instellings en reëls wat magsdeling tussen alle betekenisvolle groepe in die land sal verseker. Dit wil in beginsel lyk asof die Nasionale Party se voorstelle in hulle huidige vorm wel sodanige magsdeling sou kon bewerkstellig, veral, soos reeds gesê is, in bv. die voorstelle vir proporsionele verteenwoordiging in die laer huis van die sentrale wetgewer, die samestelling van en gelyke magte vir die hoër huis, die koalisiedwang ten opsigte van die sentrale uitvoerende gesag, die voorstel vir 'n presidentskap, en die aanvaarding van die beginsel van wetlik verskanste streekregering en plaaslike regering. 'n Betekenisvolle afwatering van hierdie meganismes sou egter uit die hoek van die FAK se beginsels problematies wees.

Terselfdertyd behoort daar in die staatkundige debat ook veel meer klem te wees op meganismes vir konsensusvorming en geskilbeslegting. Effektiewe minderheidsbeskerming vereis na die mening van die FAK dat daar in besluitneming voorsiening sal moet wees vir veto's en verskillende meerderhede, afhangende van die belangrikheid van die saak waarvoor besluit word. Beslegtingsmeganismes ten einde dooiepunte op te los

wanneer die nasionale belang dit vereis, sal dus daargestel moet word.

5. DEMOKRASIE:

Die aanvaarding van 'n laer huis van die sentrale wetgewer wat op 'n basis van gelyke stemreg verkies sal word, en die aanvaardig van algemene stemreg met 'n gemeenskaplike fiskale basis op streeks- en plaaslike vlak, sou voldoen aan die fundamentele eis van 'n demokratiese bedeling, waarmee ook die FAK hom vereenselwig.

Dit veronderstel dat die beginsel van demokratiese verantwoordelikheid deur middel van gereelde verkiesings duidelik in die nuwe grondwet verskans sal word, en ook dat daar meer duidelikheid oor die kruiskontroles wat voorsien word, verkry moet word.

6. VRYEMARKSTELSEL:

Dit is bemoedigend dat die MRV hom taamlik duidelik tot die beskerming van die fundamentele regte onderliggend aan 'n vryemarkstelsel beken, waardeur ekonomiese vryheid en gelyke geleenthede vir elke Suid-Afrikaanse burger verseker sal word. Bewegingsvryheid (kl. 15), eiendomsreg (kl. 22), deelname aan die ekonomiese verkeer (kl. 23) en bestaansbeveiligingsregte (kl. 27) word, sonder onaanvaarbare beperkings, vir beskerming voorgestel. Afhangende van hoe die voorstel t.o.v. sg. regstellende aksie uitgelê sou word, sou daar egter bedenkinge kon wees.

Die FAK vra 'n duidelike grondwetlike verbintenis tot die vrye mark as basis vir 'n toekomstige ekonomiese stelsel.

Vae eufemismes vir sentrale ekonomiese beplanning, soos 'n "gemengde ekonomie", moet vermy word. Dit is ook belangrik om die besliste verband tussen die vrye mark en staatkundige desentralisasie duidelik na vore te bring.

FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE
DIE FAK SE STANDPUNT OOR h TAALBELEID VIR DIE RSA

DOELSTELLING

h Taalbeleid vir die RSA moet ten doel hê die bepaling van die plek en regte van die ll verskillende tale in die RSA.

UITGANGSPUNTE

By die bepaling van h taalbeleid vir die RSA moet die volgende uitgangspunte in berekening gebring word:

1. Afrikaans moet h amptelike taal op nasionale en streekbasis in die RSA wees.
2. h Taalbeleid moet die taalwerklikheid vir die RSA in ag neem.
3. Die ll groter tale in die RSA word as gelykwaardig erken en multitaligheid word as h bate en nie as h las nie, aanvaar.
4. Die taalregte van groepe moet erken word en as sodanig in h handves van menseregte beskerm word.
5. Die beginsel van moedertaalonderrig tot op die hoogste onderwysvlak word erken.
6. Afrikaans is die totaal van al sy dialektiese en gebruiksmoontlikhede.

28 Februarie 1992

BEGINSELSTANDPUNTE VAN DIE FAK MET BETREKKING TOT DIE ONDERWYS

1. DIE PLEK VAN AFRIKAANS IN DIE PRE-TERSIÊRE KURRIKULUM

Die FAK stel voor dat:

- (a) Afrikaans as een van Suid-Afrika se amptelike landstale erken sal word;
- (b) ten minste twee tale vanaf die senior primêre skoolfase tot die einde van die senior sekondêre skoolfase (st. 10 of graad 12) verpligtend sal wees;
- (c) Afrikaans een van bovermelde twee tale sal wees in skoolgemeenskappe waarvan die voertaal oorwegend Afrikaans is.
- (d) h derde taal tot in matriek, of tot h laer standerd geneem kan word. Dit is h taal uit h ander taalfamilie as die huistaal;
- (e) regionale tale ook in die skoolkurrikulum behoort erken te word.

2. CHRISTELIK-GEORIËNTEERDE ONDERWYS

Die FAK stel voor dat:

- (a) erkenning aan gemeenskaplikheid en diversiteit van die religieuse gegee word (Witskrif 1983);
- (b) gemeenskapskole wat in gemeenskappe geleë is waarin die Christelike wêreld- en lewensfilosofie dominant

is, se onderwys steeds h Christelik-georiënteerde karakter soos deur die gemeenskap gedefinieer, sal openbaar.

3. **GEMEENSKAPSGEBASEERDE ONDERWYS**

Die FAK stel voor dat:

- (a) gemeenskappe h keusevryheid sal hê om, naas die staat, h groter betrokkenheid by gemeenskapskole te hê;
- (b) gemeenskapskole naas die voorgeskrewe algemene gemeenskaplike kurrikulum ook vir die kultuureie sal voorsien;
- (c) alle gemeenskappe h keusevryheid sal hê om eiendomsreg en bestuur van die betrokke skoolgeboue te bekom.

10 Maart 1992